A geographical classification of South Africa's foreign assets indicates that the percentage share of investments in Africa increased from 34,3 per cent at the end of 1978 to 36,3 per cent at the end of 1979, and that in North and South America from 14,5 per cent to 15,2 per cent over the same period. The increase in South Africa's assets in African countries occurred mainly in direct investment in share premium, reserves and undistributed profit, while short-term assets in North and South America in particular recorded a sharp rise. The increase in the percentage shares of these two areas was attained at the expense of declines in the shares of Europe and Asia.

# Kwartaallikse ekonomiese oorsig

## **Opsomming en algemene opmerkings**

Die hoë groeikoerse in die reële bruto binnelandse produk in die eerste en tweede kwartale van 1980 is gevolg deur 'n aansienlik laer groeikoers in die derde kwartaal. Hierdie verlangsaming was toe te skryf aan 'n skerp daling in die reële produk van die landbou-sektor. Die reële produk van die nie-landbousektore van die ekonomie het in die derde kwartaal egter voortgegaan om sterk uit te brei. In die eerste nege maande van 1980 het die totale reële bruto binnelandse produk met  $8\frac{1}{2}$  persent gestyg in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van 1979, wat aandui dat 'n hoë ekonomiese groeikoers in 1980 in sy geheel behaal sal word.

Die verdere toename in die reële ekonomiese bedrywigheid in die derde kwartaal was gebaseer op 'n skerp toename in die totale reële binnelandse vraag. Die buitelandse vraag na Suid-Afrikaanse goedere en dienste het egter vanweé die huidige resessie in die meeste handelsvennootlande tekens van weifeling getoon. Die sterk reële binnelandse vraag, wat in toenemende mate deur groter invoer bevredig moes word, is in die derde kwartaal gekenmerk deur 'n verdere opmerklike toename in die private verbruiksbesteding. Die reële overheidsverbruiksbesteding het ook skerp gestyg maar die reële vaste investering het gedaal en die opbouing van reële voorrade was van dieselfde orde van grootte as in die tweede kwartaal.

Die werkverskaffing buite die landbou het in die tweede kwartaal (die jongste tydperk waarvoor gegewens beskikbaar is) verder gestyg maar nie teen die hoë koers wat in die voorafgaande ses maande aangeteken is nie. Die laer koers van toename was waarskynlik te wye aan 'n groeiende tekort aan geskoolede arbeid. Die werkloosheid onder die meer geskoolede klasse arbeid, soos weerspieël deur die aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs, het aansienlik afgeneem, maar onder die ongeskoolede werkers was die afname in werkloosheid opmerklik matiger. Die hoér vlak van werkverskaffing is vergesel deur 'n stygging in die gemiddelde vergoeding per werker, in die besonder gedurende die tweede kwartaal van 1980.

Die inflasiekoers, wat in die eerste en tweede kwartale van 1980 toegeneem het, het in die derde kwartaal en Oktober opmerklik verder versnel. Die verbruikerspryse het teen 'n hoë koers gestyg, hoofsaaklik vanweé 'n skerp stygging in voedselprysse. Die hoér koers van toename in die produksiepryse was grotendeels 'n weerspieëling van 'n vinniger stygging in elektrisiteitstariewe en in die binnelandse prys van landbouprodukte, verwerkte voedsel en masjinerie en metale.

'n Aansienlik groter oorskot as in die voorafgaande kwartaal is in die derde kwartaal van 1980 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken. Hierdie verbetering was geheel en al te danke aan 'n opmerklike toename in die waarde van die netto goudproduksie, hoofsaaklik vanweé die skerp stygging in die goudprys gedurende hierdie tydperk. 'n Deel van hierdie toename is egter geneutraliseer deur veranderings in die belangrikste ander poste op die lopende rekening. Die uitvoer het verder afgegneem terwyl die invoer terselfdertyd skerp verder gestyg het en groter netto dienste- en oordragbetaalings aan die res van die wêreld gemaak is. Alhoewel die goedere-uitvoer in Oktober effens herstel het, het die invoer 'n skerp verdere stygging getoon.

Benewens die groter oorskot op die lopende rekening is 'n netto invloeiing van kapitaal in die derde kwartaal aangeteken. Hierdie invloeiing, wat hoofsaaklik uit korttermynkapitaal bestaan het, was in sekere mate 'n weerspieëling van die buitelandse finansiering van die skerp stygende vlak van die invoer maar het waarskynlik meer verband gehou met die terugbetaling deur buitelanders van 'n gedeelte van die buitengewoon groot bedrae aan handelskrediet wat gedurende die eerste kwartaal en vroeg in April vanjaar in die binnelandse geldmark opgeneem is. Die aansienlike oorskot op die betalingsbalans in sy geheel in die derde kwartaal het derhalwe grotendeels die uitwerking verteenwoordig van 'n sterk opwaartse beweging van die goudprys en die terugbetaling van handelskrediete deur buitelanders. Hierdie oorskot het 'n opmerklike stygging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n verdere appresiasie van die rand teenoor die meeste van die belangrikste geldeenheid van die wêreld tot gevolg gehad. Die toename in die goud- en ander buitelandse reserwes is egter in Oktober en November omgekeer toe 'n afname in die buitelandse reserwes van die Reserwefonds aangeteken is.

Die stygging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor, tesame met 'n skerp stygging in bankkrediet aan die private sektor, het in die derde kwartaal 'n hoë koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld meebring. Neutraliserende oorsake van verandering was egter 'n toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings en 'n afname in die netto bankkrediet aan die regeringssektor, wat egter nog vir die eerste ses maande van die huidige fiskale jaar 'n toename getoon het.

In teenstelling met die skerp stygging in die likwiditeit van die private nie-banksektor het die banklikwiditeit, soos weerspieël in die besit aan oorskotlikwiede bates, aan die einde van Augustus tot 'n

betreklik lae vlak gedaal vanweë 'n aansienlike vloei van belastingfondse na die regering. Gedurende September het die banklikwiditeit effens verbeter, maar die banke se besit aan oorskot-likwiede bates is beïnvloed deur die opwaartse aanpassing in die aanvullende kontantreserwe- en die totale likwiede batevereistes wat vanaf ongeveer 21 September in werking getree het.

Die toestand op die geldmark het oor die Augustus-maandeinde aansienlik vernou as gevolg van die baie groot vloei van belastingfondse na die regering. Gedurende September en vroeg in Oktober het die mark slegs effens verruum, wat deur 'n meer opmerklike verruiming vanaf die tweede week van Oktober gevvolg is. Teen die einde van Oktober en vroeg in November is daar egter weer 'n strammer toestand ondervind. Die geldmarkrentekoerse het teen die einde van Augustus gestyg en oor die algemeen gedurende September en die eerste helfte van Oktober slegs geringe veranderings getoon. 'n Meer opmerklike styging het egter gedurende die tweede helfte van Oktober en die eerste helfte van November voorgekom. Ope-marktransaksies deur die Reserwebank het gedurende die derde kwartaal, Oktober en die eerste helfte van November hoofsaaklik bestaan uit die verkope van spesiale skatkiswissels-op-aanvraag met 'n looptyd tot einde Februarie 1981, wanneer belastingbetalings aan die regering 'n belangrike seisoenale hoogtepunt sal bereik.

Die skatkisontvangste het gedurende die derde kwartaal van 1980 voortgegaan om sterk toe te neem, nie alleen vanweë die aansienlik hoër inkomstebelasting- en mynhurbetalings deur die goudmynmaatskappye nie, maar ook vanweë 'n skerp toename in ander inkomstebelastingontvangste asook in die opbrengs van die algemene verkoopbelasting en doeane- en aksynsregte. Die koers van toename in die skatkisontvangste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1980/81 was veel hoër as die Begrottingsraming vir die fiskale jaar in sy geheel. Insgelyks was die koers van toename in die skatkisuitreikings in die eerste helfte van die huidige fiskale jaar aansienlik hoër as die Begrottingsraming vir die volle fiskale jaar, hoofsaaklik as gevolg van 'n buitengewoon groot aanvraag van bewilligde fondse deur staatsdepartemente vroeg in die fiskale jaar. As gevolg van die aansienlike toename in die skatkisontvangste was die tekort op die Skatkisrekening in die eerste helfte van die huidige fiskale jaar betreklik klein. Lenings by die binnelandse nie-banksektor het hierdie tekort oorskry en die Tesourie in staat gestel om sy netto skulposisie teenoor sowel die buitelandse sektor as die monetêre banksektor te verminder.

Op die kapitaalmark is die opwaartse beweging van die opbrengskoerse op langtermyn-vaste-rentedraende effekte wat in die tweede kwartaal van 1980 begin het, gedurende die derde kwartaal en in Oktober en November voortgesit. Beleggers se verwagtings aangaande 'n verdere styging van die langtermynopbrengskoerse het hulle ondersteuning van nuwe uitgiftes van langtermyn-effekte gestrem en

'n groter deel van die nuwe fondse wat in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem is, is verkry deur middel van uitgiftes van kort- en middeltermyn-effekte. Lewendige toestande het op die aandelemark voortgeduur en sowel die omset as pryse het in die derde kwartaal opmerklik gestyg. Gedurende Oktober het die omvattende aandeleprysindeks egter marginaal gedaal. In teenstelling met die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte het die opbrengskoers op aandele verder gedaal in weerwil van aansienlik hoër dividendbetalings. Die bedrywigheid in die vaste eiendoms- en verbandmarkte het in die derde kwartaal op 'n hoëvlak gebly. Hierdie hoëvlak van bedrywigheid is gerugsteun deur 'n skerp toename in die vloei van fondse na die bouverenigings en 'n ooreenstemmende groot toename in die verbanduitleningsbedrywigheide van die verenigings.

Met betrekking tot meer onlangse ontwikkelings moet daarop gelet word dat belangrike veranderings sedert die einde van die derde kwartaal in die ekonomiese toestand plaasgevind het. Alhoewel dit nog te vroeg is om die belang van hierdie veranderings te beoordeel kan dit nie geïgnoreer word nie. So, byvoorbeeld, het die totale goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank gedurende Oktober en November gedaal ná die skerp styging gedurende die voorafgaande drie maande. Dit was gedeeltelik te wyte aan 'n laer vlak van die goudprys. Die geldmarktoestand het geneig om te vernou en sowel lang- as korttermynrentekoerse het sterk opwaarts beweeg. Gedurende Oktober het die bankkrediet wat aan die private sektor verleen is teen 'n baie stadiger koers toegeneem. Die inflasiekoers het egter verder toegeneem.

## Nasionale rekening\*



### Volgehoud hoë koers van ekonomiese groei in die nie-landbousektore van die ekonomie

Volgens voorlopige ramings het die reële bruto binnelandse produk van die tweede tot die derde kwartaal van 1980 teen 'n jaarkoers van slegs  $1\frac{1}{2}$  persent toegeneem, vergeleke met jaarkoerse van toename van 6 persent en 7 persent in die eerste en tweede kwartale, onderskeidelik. Hierdie betreklik lae koers van ekonomiese groei in die derde kwartaal was toe te skryf aan 'n skerp afname in die reële produk van die landbou, wat in die voorafgaande kwartaal opmerklik toegeneem het. Indien die landbousektor uitgesluit word, het die hoë koers van toename in die reële bruto binnelandse produk van die res van die ekonomie in die derde kwartaal selfs nog verder versnel. In die eerste drie kwartale van 1980 was die totale reële bruto binnelandse produk ongeveer  $8\frac{1}{2}$  persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979, wat daarop duif dat 'n hoë koers van ekonomiese groei vir die kalenderjaar 1980 verwag kan word.

Die verdere toename in die reële ekonomiese bedrywigheid was opmerklik in al die sektore van die ekonomie, met uitsondering van die landbou en goudmynbou. Die volume van die goudproduksie het aanhou daal as gevolg van die ontginning van laergraadse erts as reaksie op die skerp stygging in die prys van goud. As 'n weerspieëeling van 'n effens swakker buitelandse vraag na metale en minerale, het die reële produk van die nie-goudmynbousektor in die derde kwartaal slegs effens gestyg. Die reële produk van die fabriekswese, wat in die tweede kwartaal slegs effens toegeneem het, het in die derde kwartaal teen 'n betreklik hoë koers gestyg. Die koers van toename in die reële fabrieksproduksie het nietemin geneig om te verlangsaaam vergeleke met die koers wat gedurende die tweede helfte van 1979 en die eerste kwartaal van 1980 behaal is, waarskynlik as gevolg van 'n hoë vlak van benutting van produksiekapasiteit. Hoë koerse van toename in die reële toegevoegde waarde van die konstruksiesektor en die groot-, klein- en motorhandel is in die derde kwartaal aangeteken as gevolg van die lewendige toestand in die bounywerheid en die mark vir verbruikersgoedere. Die reële bedrywigheid in die dienstesektore, veral in die finansiële sektor en in vervoer, opberging en kommunikasie, het in die derde kwartaal skerp gestyg as gevolg van 'n volgehoud toename in die binnelandse vraag.

Hoofsaaklik as 'n weerspieëeling van die skerp toename in die prys van goud, het die ruiervoer in die derde kwartaal van 1980 weer verbeter. Gevolglik het die reële bruto **nationale** produk teen 'n merkbaar hoë koers as die bruto **binnelandse** produk toegenom. In die eerste nege maande van 1980 was die

### Bruto binnelandse produk teen konstante 1975-pryne



\*Kwartaallikse veranderings is op seisoensaangesuiwerde gegewens gebaseer.

reële bruto nasionale produk nie minder nie as 10 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

Teen heersende pryse het die reële bruto binnelandse produk teen faktorkoste in die kwartaal teen 'n laer koers as in die voorafgaande kwartaal toegeneem, hoofsaaklik omdat die totale vergoeding van werknekmers in die derde kwartaal slegs 'n klein stygging getoon het. 'n Aansienlike toename in die vergoeding van werknekmers het in die tweede kwartaal plaasgevind toe opwaartse aanpassings in salaris- en loonskale aangebring is en 'n nuwe stelsel van bonusbetalings aan werknekmers in die openbare sektor ingestel is. In die eerste drie kwartale van 1980 was die totale vergoeding van werknekmers ongeveer 18 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979. Afgesien van 'n daling in die reële bedryfsurplus van die landbou, is hoër bedryfsurpluses deur die meeste ander sektore van die ekonomie in die derde kwartaal aangeteken. In die eerste drie kwartale van 1980 was die totale reële bedryfsurplus nie minder nie as 44 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

#### Verdere toename in reële bruto binnelandse besteding


Die reële bruto binnelandse besteding het in die derde kwartaal van 1980 voortgegaan om te styg, maar teen 'n laer koers as in die voorafgaande kwartaal. Hierdie verlangsamming is veroorsaak deur 'n daling in die reële bruto binnelandse vaste investering, wat in die tweede kwartaal teen 'n buitengewoon hoë koers gegroei het, en die feit dat die netto toevloeding tot die reële voorrade nie die syfer vir die tweede kwartaal oorskry het nie. Die reële private verbruiksbesteding het teen 'n hoë koers gestyg en die reële owerhedsverbruiksbesteding het in die derde kwartaal 'n aanmerklike toename getoon.

In die eerste drie kwartale van 1980 was die reële bruto binnelandse besteding nie minder nie as 12 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979 en was dit grotendeels verantwoordelik vir die groei in die reële bruto binnelandse produk gedurende hierdie tydperk. Die uitvoer teen konstante pryse het in die eerste drie kwartale van 1980 in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van 1979 effens toegeneem en slegs 'n marginale bydrae tot die groei in die reële bruto binnelandse produk gelewer.

#### Sterk styging in reële private verbruiksbesteding


Die verdere sterk styging in die reële private verbruiksbesteding in die derde kwartaal is veral in die besteding aan duursame goedere weerspieël. Die afset van nuwe passasiersmotors het byvoorbeeld vinnig bly styg en die aantal nuwe passasiersmotors wat gedurende die eerste nege maande van 1980 verkoop is, het die syfer vir die ooreenstemmende tydperk van 1979 met nie minder nie as 30 persent oorskry. Die reële besteding aan meubels en huishoudelike toestelle het in die derde kwartaal ook 'n opmerklike

#### Bruto binnelandse besteding teen konstante 1975-pryse



verdere toename getoon. Insgelyks het die reële besteding aan semi-duursame goedere, in die besonder aan klerasie en skoeisel, in hierdie tydperk skerp gestyg. Die reële besteding aan nie-duursame goedere het daarenteen teen 'n laer koers as in die tweede kwartaal toegeneem, waarskynlik as gevolg van die baie skerp styging in voedselprys. In die eerste drie kwartale van 1980 was die reële private verbruiksbesteding ongeveer 7½ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

### Private verbruiksbesteding teen konstante 1975-pryse



### Skerp toename in reële owerheidsverbruiksbesteding

'n Aanmerklike toename het in die derde kwartaal in die reële owerheidsverbruiksbesteding voorgekom, wat die styging in die eerste drie kwartale van 1980, in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van 1979, op ongeveer 6½ persent te staan gebring het. Die reële salaris en lone het in hierdie drie kwartale met ongeveer 4 persent toegeneem, maar die reële besteding aan goedere en ander dienste het skerp gestyg met 8 persent. Die toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding in die eerste drie kwartale van 1980 is gedeeltelik deur 'n afname in die reële kapitaalbesteding van die openbare owerhede geneutraliseer, as gevolg waarvan die totale besteding van die openbare owerhede in hierdie tydperk met slegs ongeveer 3 persent toegeneem het.


### Daling in reële bruto binnelandse vaste investering

Die uitsonderlik hoë koers van toename in die reële bruto binnelandse vaste investering in die tweede kwartaal van 1980 is gevolg deur 'n daling in die derde kwartaal as gevolg van 'n skerp afname in die reële vaste kapitaalbesteding deur die openbare korporasies. Die reële private vaste investeringsbedrywigheid het egter 'n sterk opwaartse neiging gehandhaaf. Die totale reële bruto vaste investering was in die eerste drie kwartale van 1980 19 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

Die reële private vaste investering het in die derde kwartaal 'n verdere aansienlike toename getoon. Besonder skerp toenames het in die landbou, mynbou en fabriekswese voorgekom. Die vaste kapitaalbesteding in die landbousektor is gestimuleer deur die hoër inkomes wat uit die uitstekende oeste van somergewasse van die afgelope seisoen voortgespruit het. Die verdere opvallende toename in die vaste investering in die mynbousektor was 'n weerspieëling van die voortsetting van die vaste-kapitaaluitbreidingsprogramme wat deur die aansienlik hoër vlak van die goudprys en die volgehoue vraag na ander metale en minerale aangespoor is. In die fabriekswese het die vaste investering toegeneem as reaksie op die sterk styging in die binnelandse vraag en die afname in die onbenutte produksiekapasiteit. Die benutting van die produksiekapasiteit in die fabriekswese het van 85 persent in Februarie 1979 tot 89 persent in Augustus 1980 toegeneem. In die eerste drie kwartale van 1980 het die reële private vaste investering, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1979, met ongeveer 23 persent toegeneem.

Die reële vaste kapitaalbesteding deur die openbare korporasies, wat dikwels groot kwartaallikse skommelings toon, het in die derde kwartaal opmerklik gedaal nadat 'n aansienlike toename in die tweede kwartaal aangeteken is. Die daling in die derde kwartaal was hoofsaaklik die gevolg van die voltooiing van Sasol se tweede olie-uit-steenkoolaanleg. Die openbare korporasies se reële vaste investering in die eerste drie kwartale van 1980 was ongeveer 3 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

### Bruto binnelandse vaste investering teen konstante 1975-pryse



Die openbare owerhede se reële vaste kapitaalbesteding het in die derde kwartaal matig gestyg. 'n Toename in hierdie besteding deur die Suid-Afrikaanse Spoerwegadministrasie is gedeeltelik deur 'n afname in dié van die algemene regering geneutraliseer. Die reële vaste investering van die openbare owerhede was in die eerste drie kwartale van 1980 ongeveer 4 persent laer as in die eerste drie kwartale van 1979.

#### Verdere opbouing van reële voorrade

Die groot toename in die reële voorrade in die tweede kwartaal van 1980 is in die derde kwartaal gevolg deur 'n opbouing van ongeveer dieselfde orde van grootte. Verdere toenames het in die groothandels-, kleinhandels-, diamant- en strategiese voorrade en in die landbou-voorraad-in-die-handel voorgekom. Gedeeltelik neutraliserende afnames is egter deur die nywerheidsvoorraad en die voorrade van die motorhandel aangeteken. Die opbouing van reële nie-landbouvoorraad in elkeen van die afgelope vier kwartale het die skerp styging in die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore van die ekonomie in hierdie tydperk oorskry. Gevolglik het die verhouding van hierdie voorrade tot die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore aanhoudend gestyg van 'n laevlak van 30,3 persent in die vierde kwartaal van 1979 tot 31,8 persent in die derde kwartaal van 1980.

#### Matige toename in bruto binnelandse besparing

Ná 'n tydelike daling in die tweede kwartaal, het die bruto binnelandse besparing in die derde kwartaal weer gestyg. In die eerste drie kwartale van 1980 het die bruto binnelandse besparing dié in die ooreenstemmende tydperk van 1979 met 42 persent oorskry. Persoonlike besparing het in die derde kwartaal verder gedaal as gevolg van die skerp styging in die private verbruiksbesteding, wat die bedrag van die toename in die persoonlike beskikbare inkome in werklikheid oorskry het. Die persoonlike beskikbare inkome het in die derde kwartaal nie 'n groot styging getoon nie omdat die belastingtoegewings wat in die Begroting van 1980 aan persone toegestaan is en wat in die derde kwartaal in werking getree het, gedeeltelik geneutraliseer is deur 'n betreklik lae koers van toename in die salaris- en lone en 'n afname in landbou-inkome. Die toename in maatskappybesparing in die derde kwartaal was die gevolg van 'n groter toename in die lopende inkome as in die lopende uitgawes in die vorm van inkomstebelasting- en dividendbelettings. 'n Skerp styging is ook in die besparing van die algemene owerheid aangeteken, wat 'n weerspieëeling was van 'n aansienlike toename in die ontvangste van goudmynbou- en ander maatskappybelastings, algemene verkoopbelasting en doeane- en aksynsregte. Die voorsiening vir waardevermindering het in die derde kwartaal 'n matige styging getoon.

In die derde kwartaal van 1980 het die bruto binnelandse besparing die bruto binnelandse investering met 'n groter bedrag as in die tweede kwartaal oorskry. Hierdie verskil is in 'n aansienlik groter oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël.

## Werkverskaffing\* en prysse

### Toename in werkverskaffing en arbeidsproduktiwiteit

Die werkverskaffing buite die landbou het in die tweede kwartaal van 1980 aangehou styg maar nie teen die hoë koers wat gedurende die voorafgaande ses maande aangeteken is nie. Een van die redes vir die laer koers van toename in die werkverskaffing was die toenemende skaarste aan geskooldle werkers. In werklikheid is toenemende tekort aan geskooldle arbeid in verskeie sektore van die ekonomie ondervind, terwyl die werkloosheid onder ongeskooldle werkers terselfdertyd slegs matig afgeneem het en in die algemeen op 'n hoë vlak gebly het.


Die werkverskaffing buite die landbou (seisoensinvloed uitgeskakel), wat in die vierde kwartaal van 1979 en die eerste kwartaal van 1980 teen jaarkoerse van onderskeidelik 5,4 persent en 4,2 persent gestyg het, het in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van 1,1 persent toegeneem. In die eerste helfte van 1980 was die werkverskaffing buite die landbou 3,0 persent hoër as in die eerste helfte van 1979, vergeleke met 'n toename van 2,0 persent in die kalenderjaar 1979. In sowel die private as die openbare sektor is laer koerse van toename in die werkverskaffing in die tweede kwartaal aangeteken. Marginale afnames het in werklikheid in die werkverskaffing deur die sentrale regering, plaaslike owerhede, die goudmynbou-sektor en die banksektor voorgekom.

Die toename in die werkverskaffing is weerspieël in 'n skerp afname in die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blanke, Kleurlinge en Asiërs van 26 930 in Desember 1979 tot 22 375 in Junie en 18 939 in Oktober 1980. Die verhouding van die werklose Swartes tot die ekonomiesbedrywige Swart bevolking het afgeneem van 9,2 persent in Augustus 1979 tot 8,6 persent in Augustus 1980.

Die arbeidsproduktiwiteit, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse produk per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, het in die eerste helfte van 1980 met 4,5 persent toegeneem, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1979. In die kalenderjaar 1979 het die arbeidsproduktiwiteit met 2,0 persent gestyg. Die toename in produktiwiteit is bevestig deur 'n styging in die produksie per man-uur in die fabriekswese, wat in die eerste agt maande van 1980 4,5 persent hoër was as in die ooreenstemmende tydperk van 1979. Die groter produktiwiteit in die fabriekswese het bygedra om die koers van toename in die arbeidseenheidskoste in hierdie sektor in die eerste agt maande van 1980 op dieselfde vlak as in 1979, naamlik 10 persent, te hou, in weerwil van 'n skerp styging in die gemiddelde salaris en lone per werker.

\*Gegewens met betrekking tot werkverskaffing en die vergoeding van arbeid is slegs tot die einde van Junie 1980 beskikbaar.

### Arbeid



### Aansienlike toename in arbeidsvergoeding


Die gemiddelde vergoeding per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie het in die eerste twee kwartale van 1980 aansientlik gestyg, in die besonder in die tweede kwartaal toe die salaris- en loonskale in die openbare sektor opwaarts aangepas is en hoër bonusse vir staatsamptenare ingestel is. In die tweede kwartaal van 1980 was die gemiddelde vergoeding per werker 19,4 persent hoër as in die tweede kwartaal van 1979. Ná aansuiwing vir prysstygings het hierdie toename 4,7 persent beloop, teenoor 'n daling van 0,5 persent in die voorafgaande twaalf maande. Die gemiddelde reële vergoeding per Blanke werker was in die tweede kwartaal van 1980 4,3 persent hoër as in die tweede kwartaal van 1979, teenoor 'n afname van 0,5 persent in die twaalf maande tot Maart 1980. Die reële vergoeding per Nie-blanke werker, wat in die twaalf maande tot Maart 1980 met 0,3 persent afgeneem het, was in die tweede kwartaal van 1980 6,1 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

### Verdere versnelling in prysstygings

Die koers van toename in die verbruikerspryse het in die derde kwartaal verder versnel, hoofsaaklik vanweé 'n skerp styging in voedselprysse. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die verbruikerspryse in die eerste drie kwartale van 1980 agtereenvolgens met 8,6 persent, 13,3 persent en 16,3 persent gestyg. Die seisoensaangesuiwerde voedselprysse, wat in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van 20,8 persent

gestyg het, het in die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van nie minder nie as 29,0 persent gestyg. Hoë jaarkoerse van toename het voorgekom in vleispryse (53,5 persent), groente (35,0 persent), vrugte (18,4 persent), melk en melkprodukte (25,9 persent) en suiker (41,3 persent). Bo en behalwe die buitengewoon sterk styging in voedselprysse in die derde kwartaal, is groot seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toename ook aangeteken in die pryse van motorvoertuie (14,7 persent), meubels (14,8 persent), en behuisingsdienste (18,5 persent). 'n Verdere skerp styging in verbruikerspryse is in Oktober aangeteken. In die eerste tien maande van 1980 was hierdie prys gemiddeld 13,4 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

#### Persentasieverandering in prysse



Die seisoensaangesuiwerde produksieprysindeks (voorheen die groothandelsprysindeks) het in die eerste drie kwartale van 1980 agtereenvolgens teen jaarkoerse van 12,8 persent, 12,7 persent en 18,9 persent gestyg. Net soos in die voorafgaande kwartaal het die koers van toename in die prysse van binnelands-geproduseerde goedere in die derde kwartaal aanmerklik versnel. Hoër koerse van toename is aangeteken in elektrisiteitstariewe en in die produsenteprysse van landbouprodukte, masjinerie, metale en verwerkte voedsel. Die koers van toename in die prysse van ingevoerde goedere, wat, hoofsaaklik vanweë die afskaffing van die bobelasting op die invoer, in die tweede kwartaal verlangsaam het, het in die derde kwartaal slegs effens versnel. In die eerste nege maande van 1980 was die produksieprys gemiddeld 16,1 persent hoër as in die eerste nege maande van die vorige jaar.

## Betalingsbalans



### Groter oorskot op lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans, wat van R1 993 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 tot R160 miljoen in die tweede kwartaal gedaal het, het tot R659 miljoen in die derde kwartaal toegeneem. In die eerste nege maande van 1980 het die oorskot op die lopende rekening R2 812 miljoen bedra. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot op die lopende rekening van R7 210 miljoen in die eerste kwartaal tot R770 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem voordat dit tot ongeveer R2 400 miljoen, of 3,8 persent van die bruto binnelandse produk, in die derde kwartaal gestyg het. Die opmerklik hoër oorskot op die lopende rekening in die derde kwartaal het voortgespruit uit 'n aansienlike stygging in die netto goudproduksie, wat hoofsaaklik die skerp stygging in die prys van goud gedurende hierdie tydperk weerspieël het. Die uitwerking van die toename in die netto goudproduksie is egter gedeelte-lik geneutraliseer deur toenames in die goedere-invoer en netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld, sowel as deur 'n afname in die goedere-uitvoer.

Die waarde van die netto goudproduksie het, teen 'n seisoensaangsuiwerde jaarkoers, van R7 780 miljoen in die tweede kwartaal tot 'n rekord bedrag van R11 540 miljoen in die derde kwartaal toegeneem. Hierdie toename was grotendeels aan 'n skerp stygging in die goudprys toe te skryf, maar ook aan 'n aansienlike toename in die volume van die netto goudproduksie. Op die Londense mark het die gemiddelde vasstellingsprys van goud vanaf VSA \$543,63 per fyn ons in die tweede kwartaal tot VSA \$649,25 per fyn ons in die derde kwartaal gestyg. Groot-skommelings het gedurende die derde kwartaal in die goudprys voorgekom. Nadat dit op 8 Julie 'n boonste draaipunt van VSA \$688,75 bereik het, het die prys per fyn ons afwaarts geskommel tot VSA \$605,00 op 12 Augustus voordat dit weer tot VSA \$720,50 op 23 September gestyg het. Daarna het die prys aansienlik gedaal en in Oktober gemiddeld VSA \$661,71 per fyn ons beloop. Hoofsaaklik vanweë die laer goudprys het die waarde van die netto goudproduksie, teen 'n seisoensaangsuiwerde jaarkoers, van R11 327 miljoen in September tot R10 056 miljoen in Oktober gedaal.

Soos gedurende die voorafgaande kwartaal, het die waarde van die goedere-uitvoer gedurende die derde kwartaal afgeneem, waarskynlik as gevolg van die laer groeikoerse in handelsvennootlande en die aansienlike toename in die binnelandse vraag. Teen 'n seisoensaangsuiwerde jaarkoers het die uitvoer van R10 130 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 tot R9 670 miljoen in die tweede kwartaal en R8 830 miljoen in die derde kwartaal gedaal. Die afname in die derde kwartaal het 'n laer volume van die uitvoer

Lopende rekening van die betalingsbalans



sowel as 'n daling in die uitvoerpryse weerspieël. Afnames het hoofsaaklik in die waarde van die uitvoer van diamante, uraan, ferro-chroom en metaal-ertse voorgekom, maar skerp toenames is in die uitvoer van tekstiele en papier en papierprodukte aangeteken. Gedurende Oktober is 'n toename egter in die waarde van die goedere-uitvoer aangeteken.

Benewens die feit dat dit 'n groter gedeelte van die binnelandse produksie geabsorbeer het, is die binnelandse vraag in toenemende mate deur 'n stygging in die invoer bevredig. Teen 'n seisoensaangsuiwerde jaarkoers het die goedere-invoer van R11 830 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 tot R14 210 miljoen in die tweede kwartaal en daarna tot R14 930 miljoen in die derde kwartaal en R16 386 miljoen in Oktober

gestyg. In die eerste tien maande van 1980 was die invoer ongeveer 50 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979. 'n Hoër volume van die invoer en 'n verdere styging in die invoerpryse was vir die toename in die waarde van die invoer in die derde kwartaal en Oktober 1980 verantwoordelik. Toenames het in die meeste groepe van die invoer voorgekom, maar besonder skerp stygings is in die invoer van vervoertoerusting en masjinerie en elektriese toerusting aangeteken. Die waarde van die invoer van mineraalprodukte (insluitende petroleumprodukte), wat in die tweede kwartaal 'n besonder hoë vlak bereik het, het egter in die daaropvolgende tydperk van vier maande afgeneem.




Die netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld het, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, van R2 470 miljoen in die tweede kwartaal van 1980 tot R3 040 miljoen in die derde kwartaal toegeneem. Hierdie aansienlike styging is hoofsaaklik deur hoër dividendbetalings deur Suid-Afrikaanse maatskappye aan buitelandse aandeelhouers veroorsaak.

#### Netto invloeiing van kapitaal


'n Netto invloeiing van R461 miljoen is in die derde kwartaal op die kapitaalrekening van die betalingsbalans aangeteken, vergeleke met netto kapitaaluitvloeiings van onderskeidelik R547 miljoen en R1 681 miljoen in die tweede en eerste kwartale van 1980. Die netto invloeiing het hoofsaaklik bestaan uit korttermynkapitaal en het skynbaar in groot mate die terugbetaling verteenwoordig van 'n deel van die uitsonderlik groot bedrae aan handelskrediete wat buitelanders gedurende die eerste kwartaal en vroeg in April vanjaar in die binnelandse geldmark verkry het. Die binnelandse financiering van die buitelandse handel is in daardie stadium aangemoedig deur die

lae vlakke van die rentekoerse in Suid-Afrika vergeleke met dié in sommige handelsvennootsinge, in die besonder die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State. Daarna het die rentekoersverskille egter vernou en is die diskonto op die VSA-dollar in valutaterryn-

#### Netto kapitaalbewegings



#### Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserves



#### Netto kapitaalbewegings

R miljoene

	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
<b>Langtermynkapitaal</b>			
Sentrale regering en banksektor .....	-112	-39	-145
Openbare korporasies en plaaslike owerhede .....	-180	31	147
Private sektor .....	-331	-154	73
<b>Totaal .....</b>	<b>-623</b>	<b>-162</b>	<b>75</b>
<b>Korttermynkapitaal</b>			
Laste verwant aan reserves .....	55	-95	-22
Ander korttermynkapitaal, insluitende onaangegetekende transaksies <sup>1</sup> .....	-1 113	-290	408
<b>Totaal .....</b>	<b>-1 058</b>	<b>-385</b>	<b>386</b>
<b>Totaal kapitaalbewegings</b>	<b>-1 681</b>	<b>-547</b>	<b>461</b>

1. D.w.s. foute en weglatings op die lopende sowel as die kapitaalrekening van die betalingsbalans.

transaksies deur die Reserwebank verhoog om nie 'n verdere oormatige groot finansiering van buitelandse handel in Suid-Afrika aan te moedig nie. Die netto invloeiing van korttermynkapitaal in die derde kwartaal het waarskynlik ook 'n toename in buitelandse handelskrediete verteenwoordig, wat met die skerp stygging in die invoer gepaard gegaan het.

Die laaste verwant aan reserwes is in die derde kwartaal verder verminder. Hierdie laaste, wat voorheen aangegaan is om die land se besit aan valutareserwes aan te vul, is deur die verdere terugbetalings in die derde kwartaal verminder tot bedryfssaldo's wat vir normale valutatransaksies benodig word.

Die verbetering van die kapitaalrekening van die betalingsbalans in die derde kwartaal was ook gedeeltelik toe te skryf aan 'n matige netto invloeiing van langtermynkapitaal. Openbare korporasies het aansienlike bedrae op langtermyn in die buitenland geleent en 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor is gedurende hierdie tydperk aangegetekend. Die sentrale regering het egter voortgegaan om terugbetalings op langtermynlenings te maak.

#### Aansienlike toename in goud- en ander buitelandse reserwes


Die oorskot op die lopende rekening en die netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, het gedurende die derde kwartaal van 1980 'n toename van R1 142 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes tot gevolg gehad. Indien die verandering in die laaste verwant aan reserwes en waardasie-aansuiwerings in aanmerking geneem word, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal met R981 miljoen tot 'n vlak van R6 807 miljoen aan die einde van September toegeneem. Gedurende Oktober het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes met R551 miljoen gedaal.

'n Groot deel van die toename in die totale bruto reserwes gedurende die derde kwartaal was toe te skryf aan die herwaardering van die goudreserwes teen 'n hoër prys. Hierbenewens het die volume van die goudreserwes van 11,34 miljoen fyn onse aan die einde van Junie tot 12,03 miljoen fyn onse aan die einde van September toegeneem. Gedurende Oktober het die volume van die Reserwebank se goudreserwes met 'n verdere 138 093 fyn onse gestyg. Die besit aan buitelandse valuta het ook gedurende die derde kwartaal toegeneem, naamlik van R898 miljoen aan die einde van Junie tot R1 162 miljoen aan die einde van September. Gedurende Oktober het die Reserwebank se besit aan buitelandse valuta egter met R137 miljoen gedaal.

#### Verdere appresiasie van die rand

Die rand het gedurende die derde kwartaal en Oktober voortgegaan om teen die meeste van die verwaarmste geldeenheidte appresieer. Aan die einde van September was die effektiewe wisselkoers van die rand 2,2 persent hoër as aan die einde van Junie en

#### Goud- en ander buitelandse reserwes



gedurende Oktober het dit met 'n verdere 1,0 persent gestyg. Gedurende die tydperk van vier maande vanaf die einde van Junie tot aan die einde van Oktober het die rand teenoor die VSA-dollar met 2,8 persent, teenoor die Duitse mark met 11,2 persent, teenoor die Franse frank met 10,0 persent en teenoor die Switserse frank met 8,6 persent geappresieer, maar teenoor die Britse pond met 1,0 persent en teenoor die Japanse yen met 1,2 persent gedepresieer. 'n Besonder skerp appresiasie van die rand teenoor die Wes-Europese geldeenhede het gedurende Oktober voorgekom. Vanaf die einde van Januarie 1979, toe die nuwe wisselkoersstelsel ingestel is, tot aan die einde van Oktober 1980 het die rand teenoor die VSA-dollar met 16,0 persent geappresieer en het die effektiewe wisselkoers van die rand met 12,7 persent gestyg.

Die bewegings in die wisselkoers van die finanziële rand het gedurende die derde kwartaal en Oktober redelik nou ooreengekom met veranderings in die

goudprys, en meer in die besonder met veranderings in beleggers se belangstelling om goudmynaande op die Johannesburgse Effektebeurs te bekom. Die finansiële rand het aanvanklik tot 12 Augustus skerp gedepresieer en daarna gedurende die res van Augustus en die eerste deel van September rondom hierdie laer vlak geskommel voordat dit met slegs onbeduidende onderbrekings tot aan die einde van Oktober skerp geappresieer het. Aan die einde van Oktober was die wisselkoers van die finansiële rand 11,4 persent hoër as aan die einde van Junie 1980, terwyl die diskonto op die finansiële rand gedurende hierdie tydperk van vier maande van 31,6 persent tot 25,8 persent vernou het.

### Monetêre en banktoestand

#### Baie hoë koerse van toename in geld en kwasi-geld

Buitengewoon hoë koerse van toename is gedurende die derde kwartaal van 1980 in sowel die geld- en kwasi-geldhoeveelheid as in die eng gedefinieerde geldhoeveelheid aangeteken. Ná uitskakeling van die seisoensinvloed het hierdie totale teen jaarkoerse van onderskeidelik 49 en 50 persent gestyg, vergeleke met matiger jaarkoerse van onderskeidelik 18 persent en 16 persent gedurende die tweede kwartaal. Gedurende die eerste nege maande van 1980 het die jaarkoers van toename in die seisoensaangesuiwerde geldhoeveelheid in die ruimer en enger sin onderskeidelik 26 en 34 persent beloop, teenoor onderskeidelik 13 persent en 21 persent gedurende die kalenderjaar 1979. Die banke se terugkoopooreenkoms met die private sektor met looptye in die kort- en middeltermyn het gedurende die derde kwartaal in werklikheid gedaal, en indien hierdie ooreenkomste ingesluit word, het die geldhoeveelheid in die ruimer en enger sin gedurende hierdie tydperk teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 39 en 40 persent gestyg.

#### Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die buitengewoon groot toename van R1 405 miljoen in die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende die derde kwartaal is veroorsaak deur 'n skerp styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en in bankkrediet aan die private sektor. Hierdie uitbreidingsfaktore is gedeeltelik deur 'n skerp daling in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor en 'n hernieuwe styging in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings geneutraliseer.

Die seisoensaangesuiwerde netto goud- en ander buitelandse reserwes, wat gedurende die eerste helfte


### Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1980			1980		
	1ste kw.	2de kw.	3de kw.	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
Netto goud- en ander buitelandse reserwes <sup>1</sup>	130	-300	1 105	-67	-259	1 138
Eise teen regeringsektor:						
Bruto eise	-490	266	353			
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	-733	833	-1 159			
Netto eise	-1 223	1 099	-806	-902	690	-614
Eise teen die private sektor	709	342	1 072	838	181	979
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-333	168	-199	-334	317	-266
Netto ander bates <sup>1</sup>	680	-421	205			
<b>Totale oorsake van veranderings</b>	<b>-37</b>	<b>888</b>	<b>1 377</b>	<b>407</b>	<b>532</b>	<b>1 405</b>

1. Die syfers is hersien ten einde nouer ooreenkoms te bewerkstellig met die metodes wat by die berekening van die netto buitelandse reserwes in die betalingsbalans gevvolg word.

van 1980 matig gedaal het, het gedurende die derde kwartaal baie sterk gestyg. Hierdie groot stygging het bykans geheel en al in die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor voorgekom en was 'n weerspieëling van die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans sowel

#### Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



as van die netto invloeiing van kapitaal gedurende die derde kwartaal.

Die seisoensaangesuiwerde netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor het gedurende die derde kwartaal aanmerklik afgeneem nadat 'n stygging van min of meer dieselfde orde van grootte gedurende die voorafgaande kwartaal aangegetek is. Die regeringsdeposito's het, onaangesuiwer vir seisoensveranderings, gedurende die derde kwartaal aansienlik gestyg met R1 159 miljoen, vanweë 'n baie groot toestroming van belastingfondse na die regering aan die einde van Augustus. Hierdie stygging is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n stygging van R353 miljoen in die bruto eise teen die regeringsektor, wat in groot mate die monetêre banksektor se intekenings op die nuwe uitgifte van staatseffekte in Julie weer-spieël het.

Die seisoensaangesuiwerde langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings, wat gedurende die tweede kwartaal gedaal het, het gedurende die derde kwartaal groot skommelings getoon. Per saldo is daar egter gedurende hierdie tydperk 'n hernieuwe stygging in hierdie deposito's aangeteken.

#### Skerp stygging in bankkrediet aan die private sektor

Die seisoensaangesuiwerde eise van die monetêre banksektor teen die private sektor het gedurende die derde kwartaal skerp gestyg met R979 miljoen of teen 'n jaarkoers van 32 persent. Gedurende die voorafgaande kwartaal het die bankkrediet aan die private sektor met 'n betreklik klein bedrag gestyg, gedeeltelik as gevolg van 'n oordrag van huurkoop- en bruikhurbates van 'n monetêre na 'n nie-monetêre bankinstelling. Indien die uitwerking van hierdie oordrag verontgaam word, het die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor gedurende die tweede kwartaal egter teen 'n jaarkoers van 21 persent gestyg. Gedurende die eerste nege maande van 1980 het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die bankkrediet aan die private sektor 22 persent beloop, vergeleke met 16 persent gedurende 1979 in sy geheel.

Terugkoopooreenkomste van monetêre bankinstellings met die private sektor in bates wat eise teen die private sektor verteenwoordig, het gedurende die derde kwartaal gedaal. Indien hierdie ooreenkomste by die bankkrediet aan die private sektor ingesluit word, is die gevolg 'n hoër koers van uitbreiding van bankkrediet gedurende die eerste helfte van 1980 maar 'n laer jaarkoers van toename in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor gedurende die derde kwartaal, naamlik 23 persent.

Die skerp stygging van R1 072 miljoen in die bankkrediet aan die private sektor, voor seisoensaansuiwering, gedurende die derde kwartaal, is grotendeels verklaar deur 'n toename van R953 miljoen in die diskontering, lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en algemene banke. Hierdie toename was in belangrike mate 'n weerspieëling van die banke se reaksie op die afskaffing van die plafonne op hul

diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor en op hul beleggings in sekere effekte van die private sektor. Die afskaffing van die kredietplafonne is op 26 Augustus 1980 deur die Reserwebank aangekondig en het op 1 September in werking getree. 'n Aansienlike deel van hierdie toename, naamlik R469 miljoen, was in die vorm van 'n vergrote besit aan verdiskonteerde wissels. Huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering het met onderskeidelik R266 miljoen en R102 miljoen gestyg, terwyl ander lenings en voorskotte slegs 'n betreklik klein stijging van R119 miljoen getoon het. Benewens die stijging in die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en algemene banke, het die kaskredietvoorskotte van die Landbank met R136 miljoen gestyg. Die beleggings in effekte van die private sektor het egter marginaal met R19 miljoen afgeneem.

#### Laer vlak van oorskotlikwiditeit van die banke

Die oorskotlikwiditeitsverhouding van alle bankinstellings, wat skerp gestyg het van 1,6 persent aan die einde van Februarie 1980 tot 5,3 persent aan die einde van Julie, het tot 2,7 persent aan die einde van Augustus gedaal voordat dit weer tot 3,7 persent aan die einde van September toegeneem het. Die veranderings in banklikwiditeit gedurende Augustus en September is grotendeels veroorsaak deur skommelings in die besit aan oorskotlikwiede bates van die handelsbanke; die oorskotlikwiditeitsverhouding van ander bankinstellings het gedurende die typerk Julie tot September op 'n betreklik laevlak gebly.


Die daling in die banke se besit aan oorskotlikwiede bates gedurende Augustus is deur 'n aansienlike afname in hul werklike besit aan likwiede bates meegebring. Dit het voortgespruit uit 'n skerp daling van R782 miljoen in die bydrae van die overheidssektor tot die banke se likwiditeitsbasis, wat die aansienlike vloei van belastingfondse na die regering aan die einde van Augustus weerspieël het. Die verbetering in die banklikwiditeit gedurende September was die netto gevolg van 'n aansienlike toename in die banke se likwiditeitsbasis, wat 'n bydrae van R609 miljoen deur die buitelandse sektor ingesluit het, en 'n toename van R250 miljoen in hul vereiste likwiede batebesit. Laasgenoemde was gedeeltelik die gevolg van die aanpassings van die aanvullende kontantreserwe- en totale likwiede batevereistes wat op 26 Augustus deur die Reserwebank aangekondig is. Van die toename in die vereiste likwiede batebesit, wat vanaf ongeveer 21 September van krag geword het, moes R205 miljoen in die vorm van kontantreserwesaldo's gehou word. Die vereiste kontantreserwesaldo's by die Reserwebank het met R363 miljoen gestyg, maar dié by die Nasionale Finansiekorporasie het met R158 miljoen afgeneem. Vanaf ongeveer 21 Oktober het die vereiste kontantreserwesaldo's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie verder gestyg met onderskeidelik R53 miljoen en R4 miljoen.

#### Toestand op die geldmark en rentekoerse

Nadat daar oor die maandeinde van Augustus stram toestande ondervind is, het die geldmark gedurende September en die begin van Oktober slegs effens verruim. In die tweede en derde weke van Oktober het 'n meer opmerklike verruiming ingetree, maar strammer toestande is weer eens teen die einde van die maand en vroeg in November ondervind.

Die daggeldlenings aan die diskontohuise, wat oor die maandeinde van Augustus skerp gedaal het, het gedurende September groot skommelings getoon en in hierdie maand gemiddeld ongeveer R1 160 miljoen beloop. Gedurende Oktober het hierdie lenings tot hoër vlakke gestyg en op 8 Oktober 'n hoogtepunt van R1 299 miljoen bereik. Aan die einde van Oktober het hierdie lenings tot R1 100 miljoen teruggesak maar op 21 November tot R1 249 miljoen toegeneem. Die akkommodasie van die Reserwebank aan die diskontohuise het op 30 Augustus nie minder nie as R447 miljoen bedra maar teen die middel van September na laer vlakke teruggekeer voordat dit tot R376 miljoen op 30 September gestyg het. Teen 8 Oktober is alle wissels wat onder verdiskontering was, egter weer aan die diskontohuise terugbesorg. Vanaf 22 Oktober is daar weer akkommodasie aan die diskontohuise voorsien en aan die einde van Oktober het dit R280 miljoen beloop, maar op 7 November is alle akkommodasie terugbetaal. Nadat dit op 30 Augustus nagenoeg heeltemal uitgeput was, het die banke se vrye saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie gedurende September en die begin van Oktober oor die algemeen op 'n laevlak gebly. In ooreenstemming met die verruiming van die mark vanaf die tweede week van Oktober, het hierdie saldo's tot

#### Geldmarkrentekoerse



R320 miljoen op 15 Oktober gestyg maar vervolgens tot 'n baie laevlak aan die einde van die maand gedaal. Vanaf vroeg in November het hierdie saldo's weer eens toegeneem en op 21 November nie minder nie as R623 miljoen bedra.

Die rentekoerse op die geldmark, wat teen die einde van Augustus gestyg het, het gedurende September en die eerste helfte van Oktober slegs geringe veranderings getoon. Gedurende die tweede helfte van Oktober het hierdie koers egter geneig om te styg en in die eerste helfte van November het hulle meer opmerklik gestyg. Die koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld op 9 Oktober 4,80 persent bedra, wat dieselfde was as op 29 Augustus, maar vervolgens tot 5,20 persent op 31 Oktober en 5,90 persent op 21 November toegeneem. Daarteenoor het die skatkiswissel-tenderkoers gedurende September, Oktober en die eerste helfte van November 'n meer besliste opwaartse neiging getoon en van 4,52 persent op 29 Augustus tot 5,50 persent op 21 November gestyg.

Die opemarktransaksies van die Reserwebank het gedurende die derde kwartaal, Oktober en die eerste helfte van November grotendeels bestaan uit verkoop van spesiale skatkiswissels-op-aanvraag wat sal verval aan die einde van Februarie 1981, wanneer die belastingbetalings aan die regering 'n belangrike seisoenshoogtepunt sal bereik. Die verkoop van hierdie soort wissels het gedurende hierdie tydperk van vier en 'n half maande R610 miljoen beloop. As 'n verdere metode om oorskotlikwiditeit in die geldmark te absorbeer, het die Reserwebank klein bedrae aan ander staatseffekte verkoop en terugkoopooreenkomste aangegaan wat ook aan die einde van Februarie 1981 sal afloop.

## Staatsfinansies

### Opmerklike toename in inkomste-invorderings

Die ontvangste op die Skatkisrekening was in die eerste helfte van die fiskale jaar 1980/81, dit wil sê die tydperk April tot September 1980, 39 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie buitengewoon hoë koers van toename, wat vergelyk met 'n Begrotingsramming van 11 persent vir die fiskale jaar in sy geheel, is nie slegs teweeggebring deur aansienlik hoër as verwagte ontvangste vanaf die goudmynmaatskappye nie, maar ook deur koers van toename in die ontvangste van invoer- en aksynsregte en die algemene verkoopbelasting wat aansienlik hoër as die Begrotingsrammings was. Die inkomstebelastingontvangste vanaf ander belastingbetalers as die goudmynmaatskappye het ook teen 'n aansienlike hoër koers as wat in die Begroting vir die volle fiskale jaar voorsien is, toegeneem, maar dit was gedeeltelik as gevolg van die feit dat die belastingaftrekings onder die lopende betaalstelsel eers in Julie aangepas is, toe die nuwe tabelle vir belastingaftrekings (wat die belastingtoegewings waarvoor in die Begroting voorsiening gemaak is, geïnkorporeer het) in werking getree het. Hierdie hoë inkomstebelastingontvangste het egter ook 'n algemene styging in maatskappywinste en in salarisse en lone weerspieël.


Die inkomstebelasting- en mynhuurbetelings deur die goudmynmaatskappye het in die eerste helfte van die fiskale jaar 1980/81 R1 718 miljoen beloop of R1 150 miljoen meer as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar, en het

### Staatsinkomstefonds — Inkomste-invorderings

R miljoene


	1979		1980/81-Begroting	1980		
	April-Junie	Julie-Sept.		April-Sept.	April-Junie	Julie-Sept.
<b>Indirekte belastings</b>						
Invoerregr	103	110	213	480	144	178
Bobelasting op invoergoedere	60	61	121	1	—	—
Aksynsreg	239	202	441	1 130	278	289
Algemene verkoopbelasting	274	308	582	1 550	368	415
<b>Sub-totaal</b>	<b>676</b>	<b>681</b>	<b>1 357</b>	<b>3 162</b>	<b>790</b>	<b>882</b>
Min: Oordragte aan Sentrale Inkomstefonds <sup>1</sup> en aangrensende gebiede <sup>2</sup>	104	117	221	541	128	128
<b>Sub-totaal</b>	<b>572</b>	<b>564</b>	<b>1 136</b>	<b>2 621</b>	<b>662</b>	<b>756</b>
<b>Inkomstebelasting en ander inkomste</b>						
Inkomstebelasting- en huurbetelingsdeur goudmyne	116	452	568	2 485	367	1 320
Ander inkomstebelasting	926	1 005	1 931	4 141	967	1 257
Ander inkomste	305	453	758	1 665	383	479
<b>Totaal</b>	<b>1 919</b>	<b>2 474</b>	<b>4 393</b>	<b>10 912</b>	<b>2 379</b>	<b>3 810</b>
1. Voorheen die Suidwes-Afrikarekening. 2. Kragtens Doeane-unie-ooreenkomste.						

### Percentasieverandering in inkomstebelastinginvorderings\*



bykans 68 persent verteenwoordig van die geraamde ontvangste vanaf die goudmynbou vir die fiskale jaar in sy geheel. Ander inkomstebelastingontvangste was in die eerste helfte van die huidige fiskale jaar 14 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1979/80, 'n koers van toename wat aansienlik hoër was as die Begrotingsraming van ongeveer 2 persent vir die volle fiskale jaar. Insgelyks het die hoofkomponente van indirekte belasting in die eerste helfte van die fiskale jaar koers van toename getoon wat opmerklik hoër was as dié wat in die Begroting vir die volle fiskale jaar voorsien is. Hierdie toename in die opbrengs van indirekte belas-

### Staatsinkomsterēkening



tings het verband gehou met die skerp opwaartse neiging in die private verbruiksbesteding en die invoer. In vergelyking met die eerste helfte van die voorafgaande fiskale jaar, het die invoerreg met 51 persent gestyg, aksynsreg met 29 persent, en die ontvangste uit die algemene verkoopbelasting met 35 persent.

### Hoë koers van toename in skatkisuitreikings

Die uitreikings uit die Skatkisrekening aan die staatsdepartemente was in die eerste helfte van die fiskale jaar 1980/81 23 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie koers van toename was aansienlik hoër as die Begrotingsraming van 14 persent vir die volle fiskale jaar en het in sekere mate 'n vroeë aanvraag van bewilligde fondse deur die staatsdepartemente weer-spieël. Tensy addisionele bewilligings gemaak word,

sal aansienlik laer koerse van toename in die skatkisuitrekings gedurende die tweede helfte van die fiskale jaar aangeteken moet word ten einde nie die stygging wat vir die jaar 1980/81 in sy geheel in die Begroting voorsien is, te oorskry nie.

#### Afname in netto skuldposisie teenoor monetêre banksektor

Hoofsaaklik as gevolg van die baie groot ontvangste aan inkomstebelasting en mynhuurkontrakte vanaf die goudmynmaatskappye aan die einde van Augustus, het die Skatkisrekening in die derde kwartaal van 1980 'n rekord oorskot (uitgesonderd lenings en skuldaflassing) van R565 miljoen getoon. Gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1980/81 het die tekort op die Skatkisrekening, uitgesonderd lenings en skuldaflassing, slegs R375 miljoen beloop, vergeleke met 'n tekort van R844 miljoen in die eerste helfte van die voorafgaande fiskale jaar.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die private nie-banksektor se besit aan staatskuldbewyse gedurende die eerste helfte van die huidige fiskale jaar met R651 miljoen toegeneem. 'n Deel van hierdie skuldbewyse het bestaan uit spesiale skatkiswissels met 'n looptyd tot einde Februarie 1981, wanneer inkomstebelasting- en huurkontrakbetalings deur die goudmyne 'n seisoenale hoogtepunt sal bereik. As gevolg van die afskaffing van die leningsheffing op persone en maatskappye in die Begroting van 1980, het die lenings vanaf die private nie-banksektor gedurende die eerste helfte van die huidige fiskale jaar nie leningsheffings ingesluit nie. Die Staatskuldkommissarisse se netto belegging in staatskuldbewyse het gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1980/81 R120 miljoen bedra. Lenings vanaf die binnelandse nie-banksektor gedurende hierdie tydperk het gevoldiglik die tekort op die Skatkisrekening oorskry. Dit het die Tesourie in staat gestel om sy

netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor en die monetêre banksektor met onderskeidelik R15 miljoen en R382 miljoen te verminder. Laasgenoemde syfer bestaan grotendeels uit 'n toename in die kontantsaldo's, voortvloeiende uit die skerp stygging in belastingontvangste. Gedurende die derde kwartaal van 1980 alleen, het hierdie kontantsaldo's met nie minder nie as R1 132 miljoen toege neem, waarvan R465 miljoen 'n stygging in die saldo op die Stabilisasierekening verteenwoordig het.

#### Skatkisrekeningfinansiering

R miljoene

	1980		
	Apr.-Jun.	Jul.-Sept.	Apr.-Sept.
<b>Tekort (-) of oorskot .....</b>	<b>-940</b>	<b>565</b>	<b>-375</b>
<b>Finansiering:</b>			
Binnelandse bronne			
Nie-banksektor .....	380	392	771
Staatskuldkommissarisse <sup>1</sup>	43	78	120
Private nie-banksektor .....	337	314	651
Monetêre banksektor .....	541	-922	-382
Staatskuldbewyse .....	205	210	415
Kontantsaldo <sup>2</sup> .....	336	-1 132	-797
Buitelandse bronne .....	20	-35	-15
<b>Totale finansiering .....</b>	<b>940</b>	<b>-565</b>	<b>375</b>

1. Insluitende die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

2. Toename-, afname+.

## Kapitaalmark

### Styging in opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte

In die mark vir vaste-rentedraende effekte het die opwaartse beweging van die langtermynopbrengskoerse, wat gedurende die tweede kwartaal van 1980 begin het, gedurende die derde kwartaal voortgeduur. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in die sekondêre mark het van 9,54 persent in Junie tot 10,40 persent in September en 11,11 persent in Oktober toegeneem. Die opbrengskoers op langtermyn-semi-prima-effekte van die hoogstegraad het van 10,01 persent in Junie tot 10,97 persent in September en 11,52 persent in Oktober gestyg terwyl die opbrengskoers op maatskappyskuldbrieve van 11,28 persent in Junie tot 11,40 persent en 11,91 persent in September en Oktober onderskeidelik gestyg het.

Beleggers se verwagtings van 'n styging in die langtermynopbrengskoerse het hul ondersteuning van nuwe uitgifte van langtermynneffekte gestrem en 'n groter deel as voorheen van nuwe beleggingsfondse is toegevys aan kort- of middeltermynneffekte. Nuwe fondse wat deur die openbare sektor in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem is, met uitsluiting van die netto toename in die leners se besit aan hul eie effekte, het in die derde kwartaal R643 miljoen beloop, vergeleke met 'n kwartaallikse gemiddelde van R235 miljoen in die eerste helfte van die jaar. Maatskappye in die private sektor wat

op die effektebeurs genoteer is, het gedurende die derde kwartaal nuwe fondse ten bedrae van R107 miljoen in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem, teenoor die kwartaallikse gemiddelde van R179 miljoen gedurende die eerste helfte van die jaar.

Die transaksies in effekte van die openbare sektor in die sekondêre mark het gedurende die derde kwartaal skerp toegeneem. Die waarde van prima- en semi-prima-effekte wat op die effektebeurs verhandel is, was 37 persent hoër as in die tweede kwartaal, maar nogtans 17 persent laer as die buitengewoon groot syfer van R1 340 miljoen wat gedurende die eerste kwartaal van 1980 aangeteken is.


### Volgehoue lewendige toestand op die aandeemark

Op die aandeemark het die omset sowel as die pryse gedurende die derde kwartaal aansienlik gestyg. Die aantal aandele wat op die effektebeurs verhandel is, was 56 persent hoër as gedurende die tweede kwartaal, terwyl die waarde van die aandele wat verhandel is 71 persent bo die vlak gedurende die tweede kwartaal was. Die allesomvattende prysindeks van alle klasse aandele het van Junie tot September met 28 persent gestyg, wat die totale styging gedurende die eerste nege maande van 1980 op 52 persent te staan gebring het. Die pryse van goudmynaandele het in die derde kwartaal die hoogste toenamekoers getoon, naamlik 42 persent. Die pryse van ander mynbouaandele, finansiële aandele en nywerheids- en handelsaandele het gedurende hierdie tydperk met 36 persent, 20 persent en 16 persent onderskeidelik gestyg. Die allesomvattende aandeleprysindeks het gedurende Oktober marginaal met minder as een persent gedaal.


As gevolg van die skerp styging in die aandelepryse, het die dividendopbrengskoerse gedurende die derde kwartaal opmerklik gedaal, maar die uitwerking van die stygende aandelepryse op die aandeleopbrengskoerse is gedeeltelik deur hoër dividendbetaalings geneutraliseer. Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het desnieteenstaande van 5,24 persent in Junie tot 4,75 persent in September en 4,90 persent in Oktober afgeneem. Hierdie daling, tesame met die toename in die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, het meegebring dat die opbrengskoersgaping tussen langtermynstaatseffekte en aandele van 4,30 persent in Junie tot nie minder nie as 5,65 persent in September en 6,21 persent in Oktober vergroot het.

Die effektetrusts het gedurende die derde kwartaal 'n verdere klein netto uitvloeiing van fondse ten bedrae van R7 miljoen aangeteken. Die styging in die aandelepryse het egter die markwaarde van hulle netto bates van R667 miljoen aan die einde van Junie tot R747 miljoen aan die einde van September 1980 laat toeneem. As 'n weerspieëeling van hierdie toename het die gemiddelde verkoopprys van onderaandele gedurende die derde kwartaal met 21 persent gestyg terwyl die gemiddelde opbrengskoers op

### Opbrengskoerse in sekondêre mark



## Effektebeurs



## Verandering in die besit aan langertermynfondse

by finansiële instellings

Seisoensaangesuiwerd

R miljoene

	1980		
	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
Bankinstellings .....	564	140	631
Bouverenigings .....	529	461	720
Deelnemingsverbandskemas .....	16	—	20
Staatspaarfasilitete .....	128	111	103
<b>Totaal .....</b>	<b>1 237</b>	<b>712</b>	<b>1 474</b>

Soos in die tweede kwartaal, het die besit aan langertermynfondse by die bouverenigings weer die grootste toename getoon. Die besit aan sodanige fondse by bankinstellings het effens minder gestyg, maar met 'n aansienlik groter bedrag as in die tweede kwartaal. Die toename in die besit aan langertermynfondse in staatspaarfasilitete was gedurende die derde kwartaal ongeveer gelyk aan dié van die tweede kwartaal.

## Hoë vlak van bedrywigheid in die vaste eiendoms- en verbandmarkte

Die aansienlike belegging van nuwe fondse by die bouverenigings gedurende die derde kwartaal en 'n groter vraag na fondse het geleid tot verhoogde verband-uitleningsbedrywigheide deur die verenigings. Die netto nuwe verbandlenings wat deur die bouverenigings toegestaan is, het van R1 226 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot R1 305 miljoen in die derde kwartaal toegeneem, terwyl die ooreenstemmende toename in verbandlenings uitbetaal van R959 miljoen tot R1 144 miljoen was. Teen die einde van September het die bouverenigings se verpligtings ten opsigte van verbandlenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie, R1 775 miljoen beloop, in vergelyking met R1 500 miljoen aan die einde van Junie. Vanweë die hoë vlak van hierdie verpligtings en ten einde kapitaalverliese voortspruitende uit die ophande synde styging in die opbrengskoerse op effekte tot 'n minimum te beperk, het die verenigings voorsorgmaatreëls getref deur 'n gedeelte van hulle besit aan effekte in kontant om te sit. Alhoewel die totale voorgeskrewe beleggings in die derde kwartaal nog met R29 miljoen toegeneem het, is hul besit aan staatseffekte en semi-prima-effekte met onderskeidelik R85 miljoen en R75 miljoen verminder. Kontant en deposito's het 'n ooreenstemmende toename getoon.

In die vaste eiendomsmark het die seisoensaangesuiwerde waarde van transaksies van die buitengewoon hoë bedrag van R1 530 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot R1 413 miljoen gedurende die derde kwartaal gedaal. Dit verteenwoordig 'n daling van 8 persent. Die waarde van die transaksies in die


onderaandele van 4,53 persent in Junie tot 4,36 persent in September gedaal het.

## Skerp toename in die besit aan langertermynfondse by depositonemende en ander spaarinstellings

Die toename in die besit aan langertermynfondse by depositonemende en ander spaarinstellings wat gedurende die tweede kwartaal van 1980 aansienlik verlangsaam het, het gedurende die derde kwartaal sy stukrag herwin. Die seisoensaangesuiwerde toename het in laasgenoemde tydperk R1 474 miljoen beloop, in vergelyking met R712 miljoen in die voorafgaande kwartaal.

---

### Mark vir vaste eiendom



derde kwartaal was nietemin 12 persent hoër as dié in die eerste kwartaal van 1980. Die afname in die omset op die sekondêre eiendomsmark het gepaard gegaan met 'n verlangsaming in die koers van toename in die verwagte boubedrywigheid. Die seisensaangesuiwerde waarde van bouplanne goedgekeur, wat in die eerste twee kwartale van 1980 met onderskeidelik 24 persent en 30 persent gestyg het, het in die derde kwartaal met slegs 3 persent toegeneem. Insgelyks het die lenings wat deur die bouverenigings vir die oprigting van nuwe geboue toegestaan is in die derde kwartaal met 11 persent toegeneem, vergeleke met 'n gemiddelde kwartaallikse toename van 30 persent in die eerste helfte van die jaar.

# Opmerkings oor tabelle

## Suid-Afrika se buitelandse laste en bates — Tabelle S-74 tot S-77

Inligting oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos op 31 Desember 1979, saam met vergelykbare syfers vanaf die einde van 1973, word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Hierdie syfers is gebaseer op inligting wat uit 'n Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates vir die jaar 1973 verkry is en wat deur middel van steekproefopnames vir daaropvolgende jare bygewerk is.

### Buitelandse laste

Die buitelandse laste van Suid-Afrika het aan die einde van 1979 R22 880 miljoen bedra en het dus op ongeveer dieselfdevlak as aan die einde van die vorige jaar gebly toe dit op R22 886 miljoen te staan gekom het. Hierdie bykans onveranderde posisie van die buitelandse laste het gevolg op 'n gemiddelde jaarlikse toename van 7,4 persent in die voorafgaande twee jare en die baie hoë gemiddelde jaarlikse koers van toename van 23,9 persent in die tydperk van 1973 tot 1976. Gedurende 1979 het die buitelandse langtermynlaste teen 'n koers van 2,1 persent toegeneem, vergeleke met 'n gemiddelde koers van 8,4 persent in die voorafgaande twee jare. Die toename in die langtermynlaste is egter geneutraliseer deur 'n daling van 7,3 persent in die buitelandse korttermynlaste, hoofsaaklik vanweë die omskakeling van buitelandse na binnelandse finansiering van die buitelandse handel. Hierdie omskakeling is aangespoor deur die hoë mate van binnelandse likwiditeit en die daarmee gepaardgaande lae rentekoerse, en die betreklik hoë rentekoerse in die buiteland. 'n Toenemende corskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het dit ook moontlik gemaak om korttermynlenings wat voorheen aangegaan is met die doel om die land se besit aan buitelandse valuta aan te vul, terug te betaal.

Laasgenoemde faktor het 'n opmerklike bydrae gelewer tot die afname in die totale buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor van R4 096 miljoen aan die einde van 1978 tot R3 671 miljoen aan die einde van 1979 en is weerspieël in 'n verdere afname in die korttermynlaste van hierdie sektor. Nadat die buitelandse korttermynlaste van die sentrale regering en banksektor vanaf die einde van 1973 aansienlik gestyg het tot R2 079 miljoen aan die einde van 1976, het dit in die daaropvolgende drie jare vinnig tot R1 194 miljoen aan die einde van 1979 gedaal. Die buitelandse langtermynlaste van die sentrale regering en banksektor het ook gedurende 1979 verder gedaal, hoofsaaklik deurdat terugbetaalings op lenings vergemaklik is deur die gunstige Skatkisposisie wat veral uit die groot ontvangste aan inkomstebelasting en mynhuurgelde vanaf die goudmynmaatskappye voortgespruit het.

Die buitelandse laste van die openbare korporasies en plaaslike owerhede, wat van die einde van 1976 tot die einde van 1978 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 5,7 persent gestyg het, het in 1979 teen

'n koers van 6,0 persent tot R3 827 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie toename het hoofsaaklik bestaan uit korttermynlaste wat met die finansiering van die invoer van kapitaaltoerusting in verband gestaan het. Hierdie soort finansiering het meegebring dat die buitelandse korttermynlaste van hierdie sektor vanaf die einde van 1976 skerp gestyg het teen 'n gemiddelde koers van 64,5 persent per jaar. Die buitelandse langtermynlenings van die openbare korporasies en plaaslike owerhede het gedurende 1979 bykans onveranderd gebly.

Die hoë vlak van die buitelandse rentekoerse, saam met die geredelike beskikbaarheid van uitleenbare fondse en die betreklik lae rentekoerse in Suid-Afrika, het die opname van leningskapitaal in die binnelandse finansiële mark aangemoedig. Dit het 'n lae koers van toename van 1,3 persent in die buitelandse laste van die private sektor in 1979 tot gevolg gehad, vergeleke met 'n gemiddelde jaarkoers van 13,3 persent in die voorafgaande tydperk van vyf jaar. Die private sektor se buitelandse langtermyn- en korttermynleningskapitaal het in 1979 skerp afgeneem, naamlik met onderskeidelik R555 miljoen en R315 miljoen. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die nominale waarde van die gewone en ander aandelekapitaal wat deur buitelanders in Suid-Afrikaanse ondernemings gehou word, in 1979 met 8,6 persent gestyg, vergeleke met 'n gemiddelde jaarkoers van toename van 5,5 persent in die voorafgaande vyf jare. Op soortgelyke wyse het die buitelandse belegging wat deur die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins verteenwoordig word, ook gedurende 1979 teen 'n hoër koers gestyg.

Die koers van toename in die regstreekse buitelandse belegging in Suid-Afrika het van 11,3 persent in 1978 tot 5,4 persent in 1979 gedaal. Hierdie daling was grotendeels aan die terugbetaling van buitelandse lenings toe te skryf, terwyl die belegging in aandelekapitaal deur buitelanders skerp toegeneem het. 'n Terugbetaling van lenings was ook vir 'n afname van 4,0 persent in die onregstreekse belegging deur buitelanders gedurende 1979 verantwoordelik. Die onregstreekse belegging in aandelekapitaal het egter voortgegaan om teen 'n matige koers toe te neem.

'n Indeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens die belangrikste geografiese gebiede toon dat die belegging van die Europese lande gedurende 1979 toegeneem het maar dat die uitstaande laste teenoor ander gebiede in werklikheid gedaal het. Hierdie afname is ook deur die terugbetaling van leningskapitaal veroorsaak, terwyl die belegging in aandele van Suid-Afrikaanse ondernemings voortgegaan het om toe te neem en veral in die geval van Noord- en Suid-Amerikaanse beleggings besonder skerp gestyg het. As gevolg van hierdie veranderings het die persentasie-aandeel van Europa in die totale buitelandse laste van Suid-Afrika van 65,9 persent aan die einde van 1978 tot 67,9 persent aan die einde van 1979 toegevoeg en het daar ooreenstemmende matige dalings in die aandeel van die ander gebiede voorgekom.

### Buitelandse bates

Suid-Afrika se buitelandse bates het gedurende 1979 met R2 490 miljoen, of 32,0 persent, tot R10 267 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie aansienlike styging was hoofsaaklik toe te skryf aan die gebruik om die goudreserves teen markverwante pryse te waardeer. Aan die einde van 1979 het Suid-Afrika se goudreserves R3 680 miljoen bedra, wat bestaan het uit 10,03 miljoen fyn onse wat teen R366,91 per ons gewaardeer is, in vergelyking met 9,79 miljoen fyn onse wat teen R171,58 per ons gewaardeer is en 'n totale waarde van R1 679 miljoen gehad het aan die einde van 1978. Die toename in die goudreserves het dus 80 persent tot die styging in die totale buitelandse bates bygedra.

Indien die goudreserves uitgesluit word, het die ander buitelandse bates van Suid-Afrika gedurende 1979 met 8,0 persent tot R6 587 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem, vergeleke met 'n toename van 20,2 persent in die voorafgaande jaar en 'n gemiddelde jaarkoers van 15,4 persent vanaf die einde van 1973 tot die einde van 1977. Die buitelandse langtermynbates van die land het gedurende 1979 met 9,0 persent toegeneem, en die buitelandse korttermynbates met 6,0 persent.

Die toename in die buitelandse bates het hoofsaaklik in die private sektor se langtermyn- en korttermynbeleggings in ander lande voorgekom. In die besonder is daar 'n skerp styging in die private sektor se buitelandse bates in die vorm van aandelepremie, reserves en onverdeelde wins aangeteken. Die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor, met uitsluiting van die goudreserves, het gedurende 1979 verder toegeneem maar teen 'n laer koers as gedurende die voorafgaande jaar. Die buitelandse bates van die openbare korporasies en plaaslike owerhede het gedurende 1979 min of meer onveranderd gebly.

Die totale regstreekse belegging deur Suid-Afrikaanse inwoners in ander lande het in 1979 met slegs 2,7 persent toegeneem, vergeleke met 'n gemiddelde jaarkoers van toename van 18,7 persent in die voorafgaande tydperk van vyf jaar. Hierdie laer koers van toename in die regstreekse belegging was hoofsaaklik aan 'n afname in die korttermynbates en 'n betreklik klein toename in die aandelepremie, reserves en onverdeelde wins toe te skryf. Hierteenoor het die onregstreekse belegging in die buitenland (met uitsluiting van die goudreserves) in 1979 teen 'n effens hoër koers van 14,7 persent toegeneem nadat dit vanaf die einde van 1973 tot aan die einde van 1978 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 13,7 persent toegeneem het.

'n Geografiese indeling van Suid-Afrika se buitelandse bates toon dat die persentasie-aandeel van die beleggings in Afrika van 34,3 persent aan die einde van 1978 tot 36,3 persent aan die einde van 1979 toegeneem het, en dié in Noord- en Suid-Amerika van 14,5 persent tot 15,2 persent oor dieselfde tydperk. Die toename in Suid-Afrika se

bates in Afrikalande het hoofsaaklik in die regstreekse belegging in aandelepremie, reserves en onverdeelde wins voorgekom, terwyl veral die korttermynbates in Noord- en Suid-Amerika 'n skerp styging getoon het. Die toenames in die persentasie-aandeel van hierdie twee gebiede is ten koste van afnames in die aandeel van Europa en Asië behaal.